

## Amblypygi of Sweepspinnekop (Geißelspinne)



Waarlik, hierdie gogga is **grillerig, vreesaanjaend en groot!** 'n Mens sukkel om dit in 'n kategorie geplaas te kry, **want:** dit loop op ses pote en het voelers soos 'n insek

het voor knypers soos 'n skerpioen en

die liggaam lyk spinnekop-agtig

Dis **nie** 'n egte spinnekop nie, maar tog een van die spinnekopagtiges. Ons sien hulle nie so dikwels nie, want hulle is nagaktief en skuil in donker dalk vogtige plekke soos klipskeure of onder los boombas. Hierdies het ons in 'n dreineerput gekry.

Dit word *sweepspinnekop* (*Geißelspinne*) genoem en is 'n spinnekop-agtige kreatuur. Voor aan die kopborsstuk sit twee yslike knypers met sterk stekels, wat soos 'n sakmes kan oop- en toevou. Daarmee word die prooi vasgehou.

Die voorste paar bene (van vier paar) is omgevorm om as lang voelers te funksioneer. Dit werk soos 'n sweep (Peitsche), soos die agter- en voorslag op 'n sweepstok. Hierdie "sweep"-pote het sintuie wat **aanraking, temperatuur, vog en reuk** kan waarneem. So word hulle dan ook hoog in die lug geswaai, om prooi of gevaar waar te neem tydens voortbeweging. As hulle sit en rus, is alles netjies ingevou.

Sweeppote amper ingevou, knypers toegevou



Die sweeppinnekop kan blitsvinnig beweeg, voorwaarts, sywaarts en agtertoe; meestal loop dit sywaarts soos 'n krap. As dit rus, soos gedurende die dag, word alle ledemate platgevou en so sit die diertjie dan in sy skuiling. As dit beweeg, "jack" dit van die grond af op en beginne beweeg.

'n Kenmerkende verskil tussen die sweeppinnekoppe en egte spinnekoppe is, **dat dit nie spinkliere en giftande** besit nie. Bo-op die kopborststuk sit agt enkelvoudige ogies.

Alle Amblypygi is roofdiere en lewe van ander geledpotiges soos insekte, spinnekopagtiges, spinnekoppe, paddatjies en selfs klein geitjies, eintlik dit, was saam met hulle in die omgewing skuil.

Voortplanting geskied deur middel van 'n elegante "paringsdans" soortgelyk aan skerpioene s'n, waar die wyfie na talle toenaderings en aanrakings deur die baie kleiner mannetjie oor sy spermpakkie gesleep word, wat hy voorheen teen die grond vasgeplak het. Sy tel dit in haar geslagsopening op. Die eierbeursie word dan onder die agterlyf rondgedra (soos talle spinnekoppe ook maar doen), en die kleintjies word eers onder die agterlyf en later op die rug rondgedra, tot hulle vanself af- en dan wegbeweeg van die moederdier.

'n Mens staan altyd weer verstom oor die volmaaktheid van die natuur, oor die perfekte ontwerp van 'n goggatjie se gereedskap net om 'n bietjie ou kos in die knypers te kry.

Inligtingsbronne:      Filmer's SPIDERS (Martin R.Filmer, Norman larsen)  
                                 GOGGAgids (Erik Holm, Ansie Dippenaar-Schoeman)  
                                 Fotos en teks: Anka Eichhoff  
                                 Fotomodel verskaf deur K.enK.Eichhoff